

PREEK
15 JULIE 2018

TEKS: 2 Kor. 5: 1-10

TEMA: Is jy voorbereid?

Dikwels sien jy 'n motor langs die pad staan met 'n papwiel of sonder brandstof. Die bestuurder was of nie voorbereid met 'n spaarwiel/omkrag of genoeg brandstof nie. Kinders en studente stap wit-bleek uit 'n eksamen lokaal. Hulle was nie voldoende voorbereid vir die vraestel nie. Bejaardes sit op hul oudag met 'n kontantvloeikrisis, want hulle het nie genoeg geld weggesit om tred te hou met stygende inflasie en hoë mediese koste nie. Paulus herinner ons in 2 Kor. 5:10 aan dié dag wanneer elkeen van ons voor die regterstoel van Jesus Christus gaan verskyn. ***“Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad.”***

Dit is 'n dag van afrekening. Ons aardse lewe gaan geoudit word. Is jy voorbereid vir dié dag? Kan jy hoegenaamd voorbereid wees? En hoe berei jy jou dan vir dié ontmoeting voor. Dit is belangrike vrae vir oud en jonk. Ons weet immers nie wanneer ons, ons asem hier gaan uitblaas nie. Daarom moet ons die vrae vra en vir onself beantwoord! Die skielikheid van die dood betrap mense voortdurend. Die onvoorbereid van afskeid neem, die onsekerheid oor waar die persoon nou is en die chaos (emosioneel en materieel) waarin die agter geblewenes gedompel word, bevestig dat baie mense onvoorbereid is. Die antwoord op dié vrae vind ons in die konteks waarin ons gelese gedeelte geskryf staan. Ter wille van die tema-vraag fokus ons selektief spesifiek op die volgende toepaslike gedeeltes. En ons haal aan uit die BOODSKAP-vertaling.

1 Kor. 1: 21-22: “ God het ons almal saam stewig in Christus geanker. Hy is die fundamente op wie ons lewe gebou is. God het ons ook met sy groot krag toegerus en ons eenkant gesit sodat ons Hom voltyds kan dien. Hy het boonop sy amptelike stempel op ons lewe geplaas as die bewys dat ons aan Hom behoort. Dit is die Heilige Gees. God het die Heilige Gees aan ons almal gegee as die deposito, die eerste betaling van sy kant af om ons te verseker dat sy nuwe wêreld op ons wag.”

Hier hoor ons:

- * God anker ons (deur die geloof) in Christus, die Rots. (vgl ook Kol 2: 6-7)
- * God rus ons toe met sy groot wag en neem ons in sy diens. (Efes 1: 18-20).
- * God plaas Sy eienaarsmerk die Heilige Gees, op elkeen van ons wat in Jesus glo. (vgl ook Efes 1:13).
- * Die Heilige Gees is die deposito van die somtotaal van ons erforsies wat ons later volledig sal ontvang (vgl Efes 1:14; Hebr. 9: 15-17).

In 2 Kor 3:17-18 lees ons: “

“Die Here” beteken hier “die Gees”, en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid. Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggenem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.

Hier verneem ons:

- * Die Heilige Gees maak mense werklik vry van skuld: Hoe? Deurdat Hy ons deelnemers maak aan Christus se sterwe EN opstanding (vgl Rom 6: 4-14)
- * Die HGees verander ons om al meer soos Jesus te lyk en te leef. Ons weerkaats God se uitnemende skoonheid.

Daar staan in die Skrif: "Ek het geglo, daarom het ek gepraat." Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek, en ons glo, daarom praat ons ook.

Ons weet immers dat God, wat die Here Jesus uit die dood opgewek het, ons ook saam met Jesus sal opwek en ons saam met julle voor sy troon sal stel.

Ons doen dit alles om julle ontwil, sodat die genade van God steeds meer mense kan bereik. Dan word die dankgebede ook meer, en God ontvang die eer.

Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe.

Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlijkheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly.

Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

- * Die HGees werk deur ons elkeen
- * Die HGees laat ons in Jesus glo en help ons van Hom getuig (vgl ook Hand 1:8)
- * God gaan elkeen van ons lewendig maak soos wat Hy Jesus lewendig gemaak het. Dit is die goeie nuus waarvan ons getuig en wat die vrees vir die dood verdryf.
- * As gelowiges is ons nie gevrywaar van lyding nie. Omdat ons op God se nuwe wêreld-beloftes gefokus is, kry terugslae ons egter nie onder nie, want God is by ons. Hy bemagtig ons. Omdat Hy ons bemoedig kan ons as gelowiges mekaar bemoedig (2 Kor. 1:3v)

In 2 Kor. 5:5 verneem ons dat God ons nou gereedmaak vir die oorgang van die tydelike aardse lewe (=tent-fase) na die splinternuwe lewe saam met Hom vir ewig. In die lig van wat ons hierbo uit die konteks gelees het, kan ons dit as volg opsom:

- * God anker ons losmaak deur die Gees in Jesus Christus – die Begin en Voleinder van die geloofspad (Hebr. 2:12)
- * God gee aan ons sy Gees wat:
 - * ons in Christus glo en Hom laat dien en ons help om van Hom te getuig.
 - * ons as God se eiendomsbesit verseël.
 - * ons verseker dat God al sy Beloftes sal vervul. Daarom word Hy die deposito (waarborg) genoem.
- * Wie die goeie nuus in die geloof aanvaar, vrees die ontmoetingsdag met Jesus glad nie. Intendeel: sien juis daarna uit! (5: 4,8)
- * Wie die spoor van Jesus volg, volg Jesus ook in lewenswandel. Dan is dit wat ons doen in God se oë goed en sal Hy elkeen beloon. Volgens Matt 25: 34-40 sal Hy diesulkes gasvry verwelkom. Ons verseker dat God al sy Beloftes sal vervul. Daarom word Hy die deposito (waarborg) genoem.
- * In die hele proses is God die inisieerder en Een wat ons in ons tent-fase voorberei vir die ontmoetings proses.
- * Lief en leed is deel van die voorbereidingsproses. Eerder as om op dit wat om en met ons gebeur te fokus, moet ons op die uitkoms fokus. Gelowig moet ons aanvaar dat God **alles** ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet...(Rom 8:29).
- * So berei 'n mens jouself voor vir die Regterstoel-ontmoeting.
- * Elkeen wat 'n geliefde aan die dood afstaan word ook vertroostend verseker dat hy/sy wat met Jesus as fokus geleef het nou by Hom is en daar vir ons wag om met 'n verheerlikte liggaam toegerus te word waarna ons vir ewig saam op God se nuwe aarde saam gaan woon.

AMEN